

Datum : 3 Maart 2016

In hierdie Nuusbrief

- *Uie bemarking & kwaliteit*
- *Marktye*
- *Kaapstad Mark Nuus*

1. UIE BEMARKING & KWALITEIT

Met uie aanplantings wat vanjaar 300 ha minder as 2015-seisoen is, is bemarking teenoor projeksie met 236,648 sakkies voor. Bestuur is ook bekommerd oor die negatiewe boodskap wat agente op markte teenoor Ceres uie deurgee. **Bestuur doen 'n beroep op u as produsent om jul besighede vir langtermyn te beskerm en daarom MOET daar nou sterk klem op graderings gelê word. Korkom produsente moet op hul kwaliteit in die nasionale markte onderskei word.**

Of volumes hoër is as in 2015? Met vergelyking na 2015-syfers mag daar 'n groot geleentheid in die 2de kwartaal kom.

Noord-Kaap het deurgegee dat hul nog 500,000 sakkies oor het, om na Paasnaweek te bemark.

2. MARKTYE

MAART 2016						
MA	DI	WO	DO	VR	SA	SO
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31			
APRIL / MEI 2016						
25	26	27	28	29	30	1
2	3	4	5	6	7	8

Kaapstad Mark

- 21ste Maart om 18h00 oop
- 24ste Maart sluit 12h00
- 28ste Maart om 18h00 oop
- 26ste April sluit 12h00
- 27ste April om 18h00 oop
- 02de Mei om 18h00 oop

Die 3 verkoopsdae in Maart alvorens Paasnaweek gaan druk plaas op kopers, Agente beroep dat produsente normaal met bemerkingstempo aangaan.

Beplan goed moenie dat vragte buite staan agv te laat by markte aankom nie.

3. KAAPSTAD MARK NUUS

Inligting oor bogenoemde stuur ek later vir julle deur sodra ek skrywe van Kaapstad Mark ontvang het.

Korkom groete.

Rossouw Cillie
VOORSITTER